

## Sing vooraf staande: Psalm 145:1, 11, 12 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 11 Hy gee die wens van almal wat Hom vrees; / op hul geroep wil Hy 'n redder wees.  
Sy hand verdelg die goddelose, maar / die wat Hom liefhet, sal die HEER bewaar.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!  
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 100:1-4 (p. 494)

- 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!  
Dien God met blydschap, gee Hom eer;  
kom nader voor sy aangesig,  
en prys Hom met 'n lofgedig!
- 2 Die HEER is God, erken dat Hy  
'n eie volk vir Hom berei,  
'n volk om Hom te dien en vrees  
en skape van sy wei te wees.
- 3 Gaan deur sy poorte in met lof,  
met lofsang in sy tempelhof;  
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;  
verhef sy lof en prys sy Naam.
- 4 Want goedertieren is die HEER;  
sy goedheid eindig nimmermeer;  
sy trou en waarheid hou hul krag  
tot in die laaste nageslag.

## Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

### Vergifnis:

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

## Psalm 89:1, 3, 7 (p 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.  
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.  
U's groteliks gedug en eind'loos in vermoë, / u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.
- 7 U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag, / wat hul beklee met sterkte en onverwinb're mag.  
Uit vrye guns alleen, uit ewige mededoë, / hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë.  
Want God is ons 'n skild, die weerkrag van ons lewe; / en onse Koning is deur Isr'els God gegewe.

Skriflesing: Jesaja 43

Teks: Jesaja 43:1; Kategismus Sondag 1

**Wees nie bevrees nie, want ek het jou verlos; Ek het jou by die naam geroep; jy is Myne ! (Jesaja 43:1 AFR1953)**

Die ware gelowige verwag die wederkoms van die Here Jesus as 'n dag van troos, want hy het altyd die vrees vir straf oor sy sondes, en hierdie dag beleef hy kwytskelding van sy skuld by die Here. Op hierdie dag, weet hy, gaan hy die ewige lewe by God in sy koninkryk in.

Kom ons kyk na twee aspekte wat uitstaan:

- 1. Die Here Jesus verseker ons dat ons van ons sondestraf verlos is.**
- 2. Die tweede is die sekerheid wat dit ons gee dat ons in lewe en in dood bewaar word.**

### **1. Die Here Jesus verseker ons dat ons van ons sondestraf verlos is.**

Die gelowige beleef weer die vervulling van Jesaja 43:

**Moenie bang wees nie, want Ek het jou verlos.**

Dis asof iets in die herinnering van Jesus se geboorte mens toeroep:

*Moenie bang wees nie, want jy behoort aan die Here. Die Here het jou op jou naam geroep, en die Here Jesus het toe vir jou geleef en gesterf.*

Daarom sê die Here in vers 3:

**Ek is die HERE jou God, Ek is die Heilige, jou Heiland.**

Kersdag is dus 'n dag van blydschap, want die dag bly 'n baken wat jou hieraan herinner:

- Die Here Jesus is gebore.
- God was getrou aan sy verlossingsbelofte, en daarom het Jesus die Verlosser aarde toe gekom.
- Ons kan weer onthou dat Hy gebore is om die verlossingstaak uit te voer.

Hoeveel keer beleef ons dit nie in tye van beproewing dat ons dink die Here het ons verwerp nie.

- Ander kere dink ons weer dat die Here besig is om ons te straf oor al ons sondes.
- Die Here noem Homself hier *Heiland* – Verlosser. Die Een wat heil bewerk.
- Dus: Die een wat sondes wegneem.

Sonde en dood is naby familie van mekaar – sonde is mos die oorsaak van die dood, en dood is die gevolg van sonde.

- Daarom kan ons maar gerus weet dat die Here, saam met die vergewing van ons sondes, ons ook uit die hel uitruk.
- Ek en jy is ook verlos van die mag van die dood.
- Die aardse dood sal ons sterf, maar die dood van die hel sal nooit naby ons kom nie, want die Here Jesus het ons daarvan vrygemaak.

### **2. Die tweede is die sekerheid wat dit ons gee dat ons in lewe en in dood bewaar word.**

Die manier waarop elkeen van ons Kersfees vier, hang dus ook saam met ons geloofsekerheid.

- Geloofsekerheid is om twee wêrelde bymekaar te bring –om te weet dat jy in hierdie lewe en in die lewe na hierdie een aan die Here Jesus behoort.
- Jy behoort met liggaam en siel in lewe en in sterwe aan die Here.

In die eerste deel van die preek het ek dit vir u negatief gestel.

- Die ware gelowige sal nie hel toe gaan nie.
- Maar u moet ook positief daaraan dink: Die Here bewaar u in hierdie lewe elke dag, maar die Here bewaar u ook in die hiernamaals.

Van hierdie lewe het die Here Jesus gesê dat Hy ons so bewaar dat daar nie een haar van ons hoof sal afval nie.

- Daarmee het die Here nie bedoel dat dit net geld tot ons die dag sterf en dan is alles daarmee heen nie.
- Hy bewaar ons juis deur hierdie lewe omdat ons in die hiernamaals by Hom sal wees.

Ons bekommernis is veral wat van ons gaan word nadat ons dood is:

- Waar gaan ek my oë oopmaak?
- Hoe seker kan ek wees dat ek nie in die hel gaan wees nie?
- Want ons weet dat niemand behalwe die Here ons in die hiernamaals kan bewaar nie.

U het die versekering in die geboorte, lewe, en kruisdood van die Here Jesus.

- Hy het juis aarde toe gekom en is hier gebore om die ewige lewe vir jou te verwerf.
- Daarom is sy geboorte later gevolg deur 'n vervloekte kruisdood waar Hy al God se toorn oor ons sondes gedra het.
- Aan daardie vloekhout het Hy die dood oorwin.

*Dit het Hy nie vir Homself gedoen nie, want Hy het nie sondes gehad waarvoor Hy gestraf moes word nie, en die ewige lewe het Hy ook nie vir Homself nodig gehad nie, want Hy is die ewiglewende God!*

Hy het alle toorn gedra en die ewige lewe verwerf vir ons.

- Onthou sy belofte aan sy dissipels dat Hy weggaan om plek voor te berei.
- Met die kruisiging het die versoeningswerk van ons Here Jesus nie opgehou nie, want Hy werk nou nog: Hy is op hierdie oomblik besig om vir ons blyplek te maak vir die hiernamaals.
- Dit is tog duidelik dat ons dan na ons aardse dood ook aan die Here moet behoort, want Hy het dan juis woonplek vir ons by Hom.

Kerstyd is dus genadetyd.

- Genadetyd omdat hierdie tyd by uitstek die menswording/geboorte van die Here Jesus onder ons aandag bring.
- Saam met Kersfees kan die gelowige nie anders nie as om ook die vervulling van God se verlossingsraad in Jesus te belewe nie.
- Rig dan in hierdie Kerstyd u oë nie op die dag nie maar op die God van Kersfees.

Bly asseblief net wakker vir die gevare van Kersfees. Die gevaar van Kersfees is dat dit ons kan verheidens!

- Ons kan ook soos die ongelowiges ons vreugde van God afwend, en mekaar blymaak, en net by geskenke, vakansie en uitspattigheid vassteek.
- Moenie dat die wêreldse verlokkinge jou van die Here vervreem en verlei tot oortreding teen die Almagtige nie.

Kom ons tel vandag weer nuut ons oë op na die horison van die geskiedenis toe, en sien die Here van Kersfees waar Hy besig is om weer te kom, om ons tot in ewigheid by Hom te neem.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 116:1, 5 (p. 569)

- 1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehag;  
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.
  
- 5 U het my siel weer van die dood bevry; / in droefenis droog U, o HEER, my tranes;  
U lei my voet langs nuwe lewensbane, / om in u lig te wandel, lewensbly.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: Kersfees 2010